# Hillcrest High School

Graad 10

## AFRIKAANS EAT V1
## NOVEMBER 2023

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Me. S. Schoeman

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS A**

# VRYWILLIGERS BEGIN JAAR LANGE MARS-NABOOTSING

*Saamgestel deur* ***Roxanne Mooneys***

Dis alles goed en wel om mense Mars toe te wil stuur, soos NASA beplan, maar hoe gaan dit wees om daar te woon en werk? Wat het ‘n mens alles nodig? Hoe gaan dit jou gemoed en gesondheid beïnvloed? En hoe berei jy daarvoor voor?

Om hiermee te help, het NASA ‘n nabootsing van die toestande op Mars by die Johnson Space Centre in Houston gebou. Vier navorsers het in Junie daar ingetrek met die plan om ‘n jaar lank daar te bly en van hierdie vrae te beantwoord. Dit word dan ‘n oefening om te sien hoe ruimtevaarders, wat na die regte Mars gaan, beter toegerus kan word.

Die sending, wat as Crew Health and Performance Exploration Analog (CHAPEA), bekendstaan, is die eerste van drie wat beplan word tussen nou en 2026.

Die groep bestaan uit die bioloë, Kelly Haston en Anca Selariu, die ingenieur, Ross Brockwell en Nathan Jones, ‘n dokter wat in noodgevalle spesialiseer.

**Hoe lyk dit?**

Die woonkwartiere waar die vier vir die volgende 12 maande gaan bly, is kleiner as ‘n gewone vierslaapkamerhuis. Die gebied is toegerus met ‘n kombuis, twee badkamers en slaapplek vir die personeel. Daar is ook plekke waar elkeen van die lede hul navorsing kan doen.

Die nabootsing sal situasies namaak wat ruimtevaarders op Mars kan ervaar – soos ‘n tekort aan hulpbronne, toerusting wat nie werk nie, en kommunikasie wat sukkel of stadig is.

Hulle gaan inligting insamel oor hoe mense fisiek en emosioneel vaar in dié toestande. “Dit sal ons meer insig gee in hoe uitgebreide sendings na Mars ‘n mens se gesondheid en optrede beïnvloed. Sodoende sal NASA ingeligte besluite neem oor hoe om ‘n suksesvolle sending na die planeet te beplan,” het NASA oor die eksperiment gesê.

Die deelnemers gaan inligting insamel oor hoe dit sal werk om op Mars te loop, hoe gewasse gekweek kan word, hoe ‘n mens in die toestande kan oefen en wat die impak op persoonlike higiëne is.

Dit wat uit die eksperimente geleer word, tesame met NASA se huidige navorsing op en rondom die maan, sal help om ruimtevaarders op Mars te kry.

**Hoe is die deelnemers gekies?**

Kelly, Anca, Ross en Nathan is nie opgeleide ruimtevaarders nie, maar moes steeds deur die keuringsproses gaan waarvolgens NASA toekomstige ruimtevaarders kies. Dit beteken

elkeen van hulle moes 'n meestersgraad hê in een van dié velde: ingenieurswese, biologie, fisika, rekenaarwetenskap of wiskunde. Hulle moes tussen 30 en 55 jaar oud wees en die mediese keuringsproses slaag.






[**Uit**: HG JUNIOR, 20 JULIE 2023 **huisgenoot.com**]

1.1 Gee die NAAM van die planeet waarvoor die voorbereidings getref word. (1)

1.2 Haal VYF OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat vir ons sê waar die nabootsing gaan plaasvind. (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.

Die vrywilligers gaan vir ___ daar bly.

A. vyf jaar
B. een jaar
C. 'n halwe jaar
D. twee jaar (1)

1.4 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE woorde in te vul. Gebruik die woorde in die woordblok om jou te help.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Marsmanne | ruimtevaarders | Maan | geld te gee |
| voor te berei | groente te plant | Mars | land |

Die rede waarom hierdie oefening uitgevoer word, is om die 1.4.1___ beter 1.4.2___ vir wanneer hulle na die regte 1.4.3___ toe gaan. (3)

1.5 Wat beteken die akroniem, CHAPEA? (1)

1.6 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit deur 'n frase van 11 woorde aan te haal.

Hulle het net hierdie een Mars-nabootsing beplan. (1)

1.7 Pas die NAME in KOLOM B by die BESKRYWINGS in KOLOM A. Skryf net die nommers (1.7.1- 1.7.3) en die letters (A-D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Hy sal sorg dat almal gesond bly. | A. Kelly Haston |
| 1.7.2 Sy doen die biologiese werk. | B. Ross Brockwell |
| 1.7.3 Hy doen die ingenieurswerk. | C. Roxanne Mooneys |
| | D. Nathan Jones |

(3)

1.8 Beskryf die huis waarin hulle gaan woon deur TWEE feite te noem. (2)

1.9 STEM JY SAAM met die volgende stelling? Haal TWEE APARTE WOORDE aan om jou antwoord te bewys.

Die inligting wat ingesamel word, gaan kyk hoe die mens akademies en slim vaar in hierdie toestande. (2)

1.10 Hoekom is dit belangrik dat 'n mens se gesondheid goed is as jy Mars toe wil gaan? (1)

1.11 Noem TWEE dinge waaroor die deelnemers inligting moet insamel. (2)

1.12 Die keuringsproses vir die deelnemers was nie maklik nie.

1.12.1 Is bogenoemde stelling 'n FEIT of 'n MENING? (1)

1.12.2 Bewys jou antwoord deur 'n sin uit die stuk aan te haal. (1)

1.13.1 Watter kwalifikasie moes elke deelnemer hê? (1)


1.13.2 Noem TWEE vakke waarin hulle hierdie kwalifikasie moes hê. (2)

1.14 Sal jy graag na 'n ander planeet toe wil gaan? Hoekom sê jy so? (1)

[24]

Lees deur die onderstaande STATISTIEKE en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS B**




1.15 Van watter pandemie word in die opskrif gepraat? Gee die naam daarvan. (1)

1.16 Met hoeveel persent het die selfdoodsyfer onder kinders gestyg? (1)

1.17 Volgens die statistieke, hoeveel kinders pleeg elke dag selfdood? (1)

1.18 Wat doen die “Child Protection Hotline” vir mense wat selfdood wil pleeg? (1)

1.19 Noem die twee bronne wat Theuns Kruger gebruik het om hierdie statistieke saam te stel. (2)

[6]

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Ons gee raad oor watter gewoontes en vaardighede jy kan aanleer en inoefen om beter te studeer en te leer. Skryf die sewe belangrike wenke neer oor hoe om slimmer te studeer.

**INSTRUKSIES**

1. Skryf die SEWE belangrike wenke oor **<u>hoe om slimmer te studeer</u>**, puntsgewys neer.
2. Nommer jou feite van 1 tot 7.
3. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
4. Skryf sover moontlik in jou EIE VOLSINNE.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

# Sewe stappe om slimmer te studeer

1. Die proses van leer en studeer begin wanneer jy in die klas aandag gee. Luister elke periode aandagtig na wat jou onderwyser sê.

2. Maak volledige aantekeninge deur notas in die klas te neem. As jy nie seker is hoe om dit te doen nie, begin deur feite neer te skryf wat jou onderwyser gedurende die les noem of op die bord skryf.

3. Dis maklik om uit te stel. Een van die beste maniere om seker te maak dat jy nie agterraak en aanhou uitstel nie, is om vooruit te beplan. Gebruik 'n kalender en skryf jou toets- en werkopdragdatums neer.

4. Moenie toelaat dat 'n groot hoeveelheid werk jou moed breek nie. Deel die groot hoeveelheid werk in kleiner, meer hanteerbare dele op.

5. Onthou dat jy nog leer hoe om te leer. Vra dus jou ouers, maats of ander leerders hoe hulle die beste leer.

6. Somtyds leer jy beter as jy saam met 'n maat leer. Só help julle mekaar om die werk beter te verstaan.

7. Jy moet genoeg slaap kry, want as jy fisiek uitgeput is, sal jy sukkel om te konsentreer en te fokus.

[Effens aangepas uit: huisgenoot.com 19 JANUARIE 2023]

[10]

**AFDELING B: 10 PUNTE**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Taalgenoot*, Kwartaal 1, 2016]

3.1 Watter TWEE belangrike dinge, volgens die advertensie, gebeur in Desember? (2)

3.2 Waarom word die woord, "SPAAR-SAAM-IG-HEID" só geskryf? (1)

3.3 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in die oop spasie in. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Jy moet nou vir ___ ATKV motor- en huisversekering kry! (1)

3.4 Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Kyk, ons het dan nou (min) geld as gewoonlik. (1)

3.5 Wat doen die man en die vrou in die advertensie om te wys dat hulle min geld het? (1)

3.6 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

As julle nie eendag (arm) wil wees nie, moet julle leer om slim te spaar! (1)

3.7 "DOEN DIT NOU ..."

Waarom word hierdie woorde in hoofletters geskryf? (1)

3.8 Gee die naam van die organisasie wat vir jou versekering wil gee. (1)


3.9 Waarom is daar drie klein prentjies aan die onderkant van die advertensie? (1)

[10]

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit: Google Images]

4.1 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Die vlieënier sê: "Ek is baie jammer oor die onderbreking." (1)

4.2 Kies die KORREKTE SINONIEM in die hakies vir die volgende sin.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| mooi | erge | ligte | kleurvolle | vallende | gevaarlike |

Ons gaan in die volgende paar minute (hewige) turbulensie ervaar. (1)

4.3 Hoe word die vlieënier se woorde in RAAMPIE 2 beklemtoon? (1)

4.4 Skryf die getal in hakies in woorde.

EEN, (2), DRIE ... (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) teenoor die vraagnommer (4.5) neer.

“Sjoe, dis verskriklik!” Die sin in RAAMPIE 3 is ‘n voorbeeld van ‘n …

A. bevelsin.
B. uitroepsin.
C. stelsin.
D. vraagsin. (1)

4.6 Gee die EEN WOORD vir die volgende omskrywing:

Die plek waar hierdie vliegtuig gaan land. (1)

4.7 Verbind die sinne hieronder met die VOEGWOORD tussen hakies.

Dames en here ons is deur die ergste. Hou asseblief u sitplekgordels aan.
(maar) (1)

4.8 “Hou asseblief u sitplekgordels aan.”

(Na aanleiding van) die bogenoemde sin, is hulle nog nie buite gevaar nie.

Gee die AFKORTING vir die woorde in hakies. (1)

4.9 STEL DIE VRAAG sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

Ons sal <u>nou</u> veilig wees. (1)

4.10 “Ek hoop die vliegtuig hou.”

Wanneer die vlieënier dít sê, is baie mense se (lewe) in gevaar.

Gee die MEERVOUD van die woord in hakies. (1)

[10]

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word. Opsetlike foute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

# Die herstel van die osoonlaag

(5.1.1) Dalk het jy al gehoor hoe jou ouers van die "gat in die osoonlaag" praat (5.1.2) Nou sê die Verenigde Nasies in 'n verslag, die osoonlaag sal dalk binne sowat 20 jaar grootliks herstel wees.
Maar wat het dié (5.1.3) (gat) veroorsaak – en hoe is dit herstel?

DIE GAT IN DIE OSOONLAAG
(5.1.4) (Die osoonlaag ('n dun deel) (van die aarde se atmosfeer) (is)) wat die meeste van die ultravioletlig absorbeer wat die son uitstraal. (5.1.5) Dit beskerm ons teen die ergste skade van (5.1.6) (dié strale, kan sonbrand, kanker en skade aan ons DNS veroorsaak.) Dis amper asof die hele aardbol reeds 'n laag sonbrandroom aanhet.

In 1985 (5.1.7) (wetenskaplikes het 'n groot gat in die osoonlaag ontdek). (5.1.8) Hulle het gedink die koeël is deur die kerk. Dit is veral veroorsaak (5.1.9) ___ chemiese stowwe wat vroeër jare algemeen in spuitkannetjies, yskaste en lugverkoelers gebruik is.

(5.1.10) (In 1989 onderteken altesaam 46 lande en (5.1.11) <u>besigheid</u> die Montreal-protokol), waarin hulle belowe het hulle sal dié skadelike chemiese stowwe uitfaseer. Vandag is sowat 99% van die stowwe wat die osoonlaag kon aftakel al uitgefaseer.

Die grootste gat in die osoonlaag bo Antarktika was in 2000 op sy grootste punt, 29,9 miljoen km². Dit beteken die hele (5.1.12) <u>Suid-Afrika</u> sou 24 keer in dié gat inpas.

Die goeie nuus volgens die VN se verslag, is dat die osoon weer kan lyk soos dit in 1980 gelyk het – (5.1.13) (ons moet asseblief volhou met die huidige beleid). Dit kan teen 2066 oor die Suidpoolstreek herstel wees. Die skade aan die osoonlaag was hier die grootste. Teen 2045 behoort die osoonlaag bo die Noordpoolstreek weer soos in 1980 te lyk. Die verslag is goeie nuus omdat dit wys mense kán 'n verskil maak om omgewingskrisisse te vermy – soos wat tans nodig is om die stygende temperatuur wêreldwyd so laag moontlik te hou. Indien nie, sal almal na 'n 5.1.14 (plek waar dooie mense begrawe word), toe moet gaan!

**[Effens verwerk uit: huisgenoot.com, 26 JANUARIE 2023]**

5.1.1 Vul die ONTBREKENDE LEESTEKEN in die sin in. Skryf die sin oor en onderstreep dan die leesteken.

Dalk het jy al gehoor hoe jou ouers van die "gat in die osoonlaag" praat (1)

5.1.2 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Nou sê die Verenigde Nasies in ‘n verslag, die osoonlaag sal dalk binne sowat 20 jaar grootliks herstel wees. (1)

5.1.3 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Maar wat het dié (gat) veroorsaak? (1)

5.1.4 Skryf die volgende sin oor in die KORREKTE WOORDORDE.

Die osoonlaag (‘n dun deel) (van die aarde se atmosfeer) (is). (1)

5.1.5 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Dit beskerm ons teen die ergste skade. (1)

5.1.6 STEL DIE VRAAG sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

Dié strale kan <u>sonbrand, kanker en skade aan ons DNS</u> veroorsaak. (1)

5.1.7 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Wetenskaplikes het ‘n groot gat in die osoonlaag ontdek. (1)

5.1.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.

Die koeël is deur die kerk beteken ...

A. daar is nie meer ‘n kerk nie.
B. iemand het reg deur die kerk geskiet.
C. dit is te laat.
D. iemand trou in die kerk. (1)

5.1.9 Vul die KORREKTE VOORSETSEL in die oop spasie in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Dit is veral veroorsaak ___ chemiese stowwe. (1)

5.1.10 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

In 1989 onderteken altesaam 46 lande en besigheid die Montreal-protokol. (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD vir die onderstreepte woord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

In 1989 onderteken altesaam 46 lande en <u>besigheid</u> die Montreal-protokol. (1)

5.1.12 Gee die AFKORTING vir die onderstreepte woord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Dit beteken die hele <u>Suid-Afrika</u> sou 24 keer in dié gat inpas. (1)

5.1.13 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNING.

Ons moet asseblief volhou met die huidige beleid. (1)

5.1.14 Gee EEN WOORD vir die onderstreepte deel in die volgende sin:

Indien nie, sal almal na 'n plek waar dooie mense begrawe word, toe moet gaan! (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




5.2.1 Voltooi die volgende VERGELYKING. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die seun hardloop so vinnig soos die ___ toe hy 'n haaivin sien. (1)

5.2.2 Voltooi die volgende sin KORREK deur die ontbrekende woorde in te vul.

Mamma sit heerlik en ontspan onder die (a)___ terwyl Pappa op sy (b)___ lê en lees. (2)

5.2.3 Gee die KORREKTE GESLAG vir die woord in hakies.

My (oupagrootjie) het ook saam strand toe gekom. (1)

5.2.4 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies.

Mamma bly dors. Dit is vandag baie warm. (omdat) (1)

5.2.5 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.


My sussie is baie bang vir die see. (1)

[20]

**TOTAAL AFDELING C: 40 PUNTE**

**GROOTTOTAAL : 80 PUNTE**

# KLEUR DIE PRENT IN...




STERKTE VIR JOU EKSAMENS!